**MEER OOR DIE ONTVANGERS VAN EREGRADE:**

**HOMI K. BHABHA**

***Die graad Doktor in die Wysbegeerte (DPhil), honoris causa, aan Homi K. Bhabha vir sy uitsonderlike vermoë as die wêreld se voorste postkoloniale literêre teoretikus om die geesteswetenskappe in nuwe rigtings te stuur, om internasionale organisasies te beïnvloed deur die rol van die geesteswetenskappe in vrede, ekonomiese aktiwiteit en kultuur te bevorder, en om die bestudering van die geesteswetenskappe in hedendaagse tye relevant te maak.***

Bhabha is in 1949 in Moembai gebore. Met ’n MPhil (1974), MA (1977) en DPhil (1990) in Engelse Letterkunde van die Universiteit van Oxford aanvaar hy sy eerste professorskap aan die Universiteit van Chicago as Chester D. Tripp-professor in die geesteswetenskappe. Sedert 2001 is Bhabha verbonde aan Harvard, waar hy as die Anne F. Rothenberg-professor in Engelse en Amerikaanse Letterkunde en Tale sowel as direkteur van die Geesteswetenskappesentrum dien.

Sy bydrae tot die geesteswetenskappe sluit invloedryke publikasies en die ontwikkeling van baanbrekerkonsepte in soos hibriditeit, mimikrie, interstisieel en derde ruimte. Konseptuele deurbrake sluit in sy gedagte van kulturele transisie, wat erken hoe die verlede die hede aanhou vorm. Veral sy bydraes om konflik tussen kulture beter te verstaan is noodsaaklik in ’n wêreld, ook ’n Suid-Afrika, wat deur kulturele onmin gekenmerk word. Deur te toon hoe die geskiedenisse van kolonialisme konstant na die hede oorspoel, doen hy voorspraak vir ’n getransformeerde begrip van kruiskulturele verhoudings, en stel hy ’n nuwe konseptualisering van humanisme voor om ’n brug tussen godsdienste en kulture te bou.

Bhabha dien onder meer as trustee van die UNESCO Wêreldverslag oor Kulturele Diversiteit, en is ’n voormalige voorsitter van die Davos Wêreld- Ekonomiese Forum se Globale Agendaraad oor Menseregte en Menswaardigheid. Sy vele eerbewyse sluit in die Padma Bhushan-prys (2010), die derde hoogste burgerlike toekenning in Indië, en die Alexander von Humboldt-navorsingsprys (2015).

Vir hierdie baanbrekerswerk om ’n nuwe soort interdissiplinêre gesprek aan die gang te sit insake ’n getransformeerde begrip van kruiskulturele verhoudings, vereer die Universiteit Stellenbosch professor Homi Bhabha graag.

**GLYNIS MARIE BREAKWELL**

***Die graad Doktor in die Wysbegeerte, (DPhil), honoris causa, aan Glynis Marie Breakwell vir die ontwikkeling van identiteitsprosesteorie, ’n impakryke bydrae tot die sosiale sielkunde wêreldwyd, wat sy weg gevind het tot by die suidelikste punt van Afrika, waar dit ons steeds die veranderinge en bedreigings van die realiteit ná apartheid help hanteer en aan voorheen gemarginaliseerdes ’n stem gee.***

Professor dame Glynis Marie Breakwell se voortreflike bydrae tot die sosiale sielkunde is van wêreldbelang. Plaaslik help dit ons verstaan hoe Suid-Afrikaners die maatskaplike veranderinge ná apartheid beleef.

Dié visekanselier van die Universiteit van Bath sedert 2001 en gesondheidsielkundige van die hoogste rang is bekend vir haar akademieskap oor die sielkunde van risiko, maatskaplike aksie en verandering, sowel as identiteit. Haar invloedryke identiteitsprosesteorie verklaar individue se oorlewingstrategieë te midde van bedreigings vir hulle identiteit. Deur universeel relevante voorbeelde van bedreiging soos werkloosheid en etniese marginaliteit te gebruik – kwessies wat Suid-Afrikaners alte goed ken – help begryp Breakwell ons die impak van tegnologiese vooruitgang, politieke onrus en ekonomiese ontwikkeling op die vorming van identiteit. In ons konteks ná apartheid bevorder haar werk ook plaaslike pogings om slagoffers van bedreiging oor hulle ervarings en gevoelens te laat praat en hulle gedwonge stilte in vorige dominante diskoerse te verbreek.

As uitsonderlike en gewaardeerde kenner, is Breakwell ’n lid van die Verenigde Koninkryk (VK) se Raad op Ekonomiese en Maatskaplike Navorsing sowel as die Wetenskap-en-Tegnologie-erekomitee, een van ’n uitgesoekte groep eregenote van die Britse Sielkundige Vereniging, en ’n senior onafhanklike direkteur van die Nasionale Gesondheidsdiens se verbeteringsraad. Synde ’n kampvegter vir universiteite se rol in innovasie en ekonomiese herlewing, is sy tans direkteur van die USS (een van die grootste pensioenskemas

vir tersiêre instellings in die VK) sowel as Universiteite VK, en ’n direksielid van die Leierskapstigting vir Hoër Onderwys.

Onlangse eerbewyse vir dié voorste vakkundige se werk is haar aanstelling as damekommandeur van die Britse Ryk in 2012. Breakwell is ook in 2014 by die Wetenskapraad se lys van 100 toonaangewende praktiserende wetenskaplikes in die VK ingesluit.

Professor Dame Glynis Breakwell is die toonbeeld van sosiale impak deur akademieskap, wat die Universiteit Stellenbosch graag vereer.

***LESETJA KGANYAGO***

***Die graad Doktor in die Handelswetenskappe (DCom), honoris causa, aan LESETJA KGANYAGO vir die bestendige wyse – selfs onder uitdagende omstandighede – waarop hy Suid-Afrika se monetêre beleid bestuur, vir sy formidabele intellektuele leierskap op beleidsgebiede soos prys- en finansiële stabiliteit, en vir sy rol as een van die land se voorste openbarebeleidmakers, asook sy bydrae tot die geloofwaardigheid en deursigtigheid van Suid-Afrika se fiskale en monetêre beleid.***

As tiende President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB), geniet Lesetja Kganyago internasionale erkenning vir sy formidabele intellektuele leierskap en in sy vorige rol as Direkteur-Generaal van die Nasionale Tesourie het hy hom as een van die voorste openbarebeleidmakers in die land onderskei.

Nadat hy die grade BCom (Rekeningkunde en Ekonomie) en MSc (Ontwikkelingsekonomie) verwerf het, lei verskeie poste in die bankbedryf hom uiteindelik na die Nasionale Tesourie. Hier het hy in verskillende ampte gedien, onder meer dié van Direkteur-Generaal van 2004 tot 2011. In dié tyd het hy ’n aantal hervormings in openbare finansies en finansiële markte suksesvol deurgevoer. Daarna sluit hy hom aan by die SARB, eers as Visepresident en, sedert 2014, as president. Toe die onafhanklikheid van die Reserwebank in gevaar was, het Kganyago die leiding geneem om dit met oorgawe te verdedig, en het hy pogings om die grondwetlike mandaat van die SARB te wysig met welslae afgeweer.

Afgesien van sy voorsitterskap van die Komitee van Sentralebankpresidente van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap, is hy in Januarie 2018 as voorsitter van die Internasionale Monetêre en Finansiële Komitee aangewys, die eerste sentralebankpresident van Afrika suid van die Sahara om hierdie amp te beklee.

Eerbewyse sluit in die GlobalMarkets se sentralebankpresident van die jaar vir Afrika suid van die Sahara (Oktober 2017), *Sunday Times* se sakeleier van die jaar (November 2017) en Central Banking se sentralebankpresident van die jaar (Maart 2018).

Vir sy onwrikbare leierskap en vergestalting van waardes soos integriteit, verantwoordbaarheid en uitnemendheid is dit vir die Universteit Stellenbosch ’n voorreg om Lesetja Kganyago te vereer.

**ZAK YACOOB**

***Die graad Doktor in die Regsgeleerdheid (LLD) honoris causa, aan Zakeria (Zak) Yacoob vir sy uitnemende bydrae as regsgeleerde op die gebied van menseregte en staatsreg, vir sy unieke, genuanseerde en internasionaal inspirerende benadering tot die beregting van sosio-ekonomiese regte, en vir sy rol as gerekende kampvegter vir sosiale geregtigheid en die welsyn en regte van persone met gestremdhede.***

Regter Zakeria (“Zak”) Yacoob het as uitsonderlike regsgeleerde Suid-Afrika na demokrasie help lei, en deur mylpaaluitsprake tot ’n regsraamwerk bygedra wat Suid-Afrika se diepgewortelde sosio-ekonomiese nalatenskap van apartheid help hanteer het.

In die aanloop tot demokrasie, dien hy eers in die Tegniese Komitee oor Fundamentele Regte in die veelpartyonderhandelingsproses, en later as lid van die Onafhanklike Paneel van Grondwetkenners, help los hy dooie punte in die Grondwetlike Vergadering op en bied advies oor die skryf die Grondwet van 1996.

Sy aanstelling as Konstitusionele Hof-regter in 1998 lui 15 jaar van uitsonderlike diens en invloedryke bydraes tot Suid-Afrikaanse regspraak oor sosio-ekonomiese regte in.  Hy ontwikkel ’n unieke model van redelikheidsoorsig wat ’n middeweg vind tussen die regering se rol om sosio-ekonomiese regte te verwesenlik en die howe se rol om die regering daarvoor aanspreeklik te hou. Hierdie genuanseerde benadering tot die beregting van sosio-ekonomiese regte het selfs as inspirasie gedien vir die aanvaarding van nuwe internasionale meganismes in die menseregtereg, soos die Opsionele Protokol by die Internasionale Verdrag oor Ekonomiese, Maatskaplike en Kulturele Regte, een van die Verenigde Nasies se belangrikste menseregteverdrae.

Yacoob, wat sedert babadae met blindheid saamleef, is ook ’n gerekende kampvegter vir die welsyn en regte van persone met gestremdhede en is onder meer ’n voormalige voorsitter van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes.

Regter Zak Yacoob, ’n uitnemende juris en betrokke in sy burgerskap, verdien die Universiteit Stellenbosch se hoogste eer vir sy diensbare leierskap en bydrae tot demokrasie, menseregte en maatskaplike geregtigheid.